

LL

Saak No 595/1989

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

DANIËL MALOMI MFLORI

Eerste Appellant

en

SIZA PHUNGULA

Tweede Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

VAN HEERDEN, E.M. GROSSKOPF et EKSTEEN
ARR

VERHOORDATUM:

3 MEI 1990

LEWERINGSDATUM:

14 MEI 1990

UITSpraak

VAN HEERDEN AR:

Vroegoggend van 13 Junie 1987 het 'n voorhaker met sleepwa ("die vragmotor") gelaai met 'n vrag sanitêre toerusting vanaf die perseel van Cobra Bathrooms in Johannesburg vertrek. Die bestemming van die besending was Kaapstad. Die bestuurder van die vragmotor was wyle Daniël Mokgetle ("die oorledene"). Hy was vergesel van twee assistente, Agreement en Shadrack, wat ook in diens van Cobra Bathrooms ("die firma") was. Op 'n snelweg in of in die omgewing van Johannesburg het die oorledene een of twee rylopers opgelaai. Suid van Bloemfontein is die oorledene deur een of meer van die passasiers beheer oor die vragmotor ontnem. Een van die passasiers het toe die vragmotor bestuur. Na 'n rukkie is die oorledene toegesluit in 'n kompartement van die vragmotor waarin die noodwiel gehou was. Die bestuurder het toe teruggedraai na die Transvaal. Naby Rietfontein in die distrik van Heidelberg is die oorledene uit dié kompartement gehaal. Hierna is hy met 'n vuurwapen in die kop

geskiet en ook met 'n voorwerp geslaan. Die stomp-geweld het skedelbreuk meegebring. Of die skietwond of die skedelbreuk of beide het sy dood veroorsaak.

Hierna is die vragmotor na Johannesburg bestuur waar die grootste gedeelte van die besending aan helers verkoop is. Die laaste episode het hom afgespeel toe die vragmotor langs die Kliprivier-Albertonpad aan die brand gestek is.

As gevolg van hierdie gebeure het die eerste en tweede appellante, asook Agreement en Shadrack as derde en vierde beskuldigdes, in die Transvaalse Provinsiale Afdeling tereg gestaan op 'n aanklag van moord op die oorledene en 'n verdere aanklag van roof van die vragmotor en die inhoud asook sekere items wat aan die oorledene behoort het. Die Staat se saak was dat die eerste twee appellante (hierna onderskeidelik Mflori en Phungula genoem) as rylopers deur die oorledene opgelaaï was en dat hulle en die twee assistente saamgespan het om die oorledene te vermoor

en te beroof. Aan die einde van h uitgerekte verhoor is Mflori en Phungula op albei aanklagte skuldig bevind terwyl die twee assistente skuldig bevind is as begunstigers aan moord en roof. Aangesien geen versagtende omstandighede bevind is nie, is beide Mflori en Phungula op die moordklag die doodvonniss opgelê. Met die nodige verloop is Mflori se appèl gerig teen sy skuldigbevindings en dié van Phungula teen sy vonnis op die moordklag.

Ek behandel eers Mflori se appèl. Hy het ontken dat hy een van die rylopers was of enigiets met bogenoemde gebeure te doen gehad het. Sy verweer was dan ook h alibi. Ter ondersteuning daarvan het hy, sy vrou en sy vriend, Phillip Mamatupi, getuig.

Die vernaamste direkte getuienis teen Mflori was dié van Phungula en die twee assistente. Al drie het getuig dat die oorledene vir Mflori en Phungula op die snelweg opgelaai het en dat Mflori vanaf daardie stadium totdat die oorledene geskiet en geslaan is, in

of by die vragmotor was. Oor die presiese rol wat elk van die vier passasiers gespeel het, het bogenoemde getuies egter verskil. Phungula sê dat suid van Bloemfontein Mflori 'n vuurwapen op die oorledene gerig het en hom gelas het om stil te hou. Mflori het toe bestuur en die wapen aan Phungula gegee. 'n Entjie verder het Mflori stilgehou waarna hy en die twee assistente die oorledene in die kompartement geplaas het. Toe die oorledene later in die Transvaal uit die kompartement gehaal is, het Mflori vir Phungula beveel om die oorledene te skiet. Indien hy dit nie sou doen nie, sou Mflori hom skiet. Hy het die oorledene toe geskiet. Daarna het Mflori met 'n stuk yster, en die twee assistente met hout, die oorledene houe toegedien. Hulle het die lyk daar in die veld gelaat en na Johannesburg gery.

Phungula getuig ook dat Mflori omstreeks 5.30 vm op 13 Junie 1987 by hom opgedaag het. Hy het Mflori geken omdat hulle voor daardie datum vir Sparletta

gewerk het. Mflori was die bestuurder van h koeldranktrok en Phungula het soms as sy assistent opgetree. Mflori het voorheen, sonder om besonderhede te verskaf, gesê dat hulle geld moes gaan haal. Op 13 Junie het Mflori gesê dat die geld beskikbaar was. Hulle is toe weg na die begin van h snelweg. Mflori het gesê dat sy vriende sou kom. Toe h vragmotor aankom, het Mflori duimgegooi. Die vragmotor het stilgehou en Mflori het langs die bestuurder (die oorledene) gaan sit terwyl Phungula by die linkerdeur gesit het. Hierdie posisies het hulle behou totdat, soos voornoemd, Mflori die vuurwapen op die oorledene gerig het.

Agreement getuig dat hy voor die gebeure vir die oorledene, Mflori en Shadrack geken het. Met die uitsondering van Mflori was die drie van hulle in diens van die firma. (Mflori was ook vroeër h werknemer by die firma maar sy diensverhouding is reeds in 1986 beëindig.) Vroegoggend van 13 Junie 1987 het Mflori

by die getuie opgedaag. Hy het gesê dat hy gehoor het dat Agreement na Kaapstad sou gaan, en gemeld dat die vragmotor onderweg "beroof" sou word. Hy het ook gesê dat hy en n ander persoon sou maak of hulle rylopers was en dat Agreement en Shadrack dan vir die oorledene moes sê om te stop. Ten slotte moes Agreement aan Shadrack oordra wat Mflori vir eersgenoemde meegedeel het.

Agreement getuig voorts dat toe Mflori en sy maat (Phungula) duim gegooi het, die oorledene gestop het omdat hy vir Mflori geken het. In Bloemfontein het Mflori en Phungula vir Shadrack gesê dat hulle die vragmotor sou "vang". Terselfdertyd het hulle aan Shadrack n vuurwapen getoon. Suid van Bloemfontein het Phungula n vuurwapen op die oorledene gerig en hy en Mflori het die oorledene beveel om stil te hou. Phungula het toe die oorledene in die kompartement gaan toesluit.

Shadrack getuig dat hy vooraf niks van die

voorgenome roof geweet het nie. Hy sê dat voordat die vragmotor op 13 Junie vertrek het Agreement slegs vir hom genoem dat sekere mense n "geleentheid" sou vra om saam te reis. Eers in Bloemfontein het hy van Mflori verneem van n plan om die vragmotor te skaak. Sy weergawe van wat suid van Bloemfontein gebeur het, stem in hoofsaak ooreen met dié van Agreement, behalwe dat hy sê dat Mflori die persoon was wat die oorledene in die kompartement toegesluit het.

Beide Agreement en Shadrack getuig voorts dat Mflori die vragmotor terug na die Transvaal bestuur het. Hy en Phungula het tydens die rit te kenne gegee dat die oorledene doodgemaak sou word. Op n plek het Mflori stilgehou en het hy en Phungula die oorledene aangesê om uit die kompartement te klim. Die oorledene het egter geweier. Shadrack sê dat hy toe aan die slaap geraak het en later die nag drie skote gehoor het. Mflori en Phungula het teruggekeer na die vragmotor waarna die grootste deel van die vrag in

Johannesburg afgelaai is. Agreement getuig egter dat na die oorledene se genoemde weiering Mflori die vragmotor in die rigting na Durban bestuur het. Mflori het weer stilgehou en hy en Phungula het die oorledene uit die kompartement getrek. Agreement het toe drie skote hoor afgaan. Mflori het h wielsleutel by hom gehad. Phungula het die sleutel geneem en die oorledene h harde kophou toegedien.

Agreement en Shadrack getuig ten slotte dat hulle deur Mflori en Phungula aangesê is om aan die polisie die valse verklaring te maak dat die vragmotor deur onbekendes gekaap was. Dit het hulle te Kroonstad gaan doen. Agreement sê dat hy en Shadrack daarna op 16 Junie na Mflori se woning is om te rapporteer dat hulle die opdrag uitgevoer het. Shadrack ontken egter dat hy saam was.

Afgesien van bogenoemde getuienis is Mflori deur die volgende by die gebeure betrek:

1) Op 25 Junie 1987 - d w s 12 dae na

die moord - het Mflori vir majoor Erasmus die plekke uitgewys waar onderskeidelik die lyk van die oorledene en die uitgebrande vragmotor na 13 Junie aangetref was. Volgens Erasmus het hy eerstens n mielieland uitgewys as synde die plek waar n man vermoor was. Tweedens het hy n plek by bome uitgewys as synde die plek waar n vragmotor met petrol aan die brand gesteeek was. Erasmus het van n tolk, sersant Nthuping, gebruik gemaak, en volgens laasgenoemde het Mflori op beide plekke verwys na wat "ons" gedoen het.

2) Nadat die oorledene se liggaam na n lykshuis geneem is, het speurder-konstabel Nkosi sy klere gevisenteer. Volgens hom het hy toe twee handgeskrewe notas in die oorledene se regterbroeksak gevind. As gevolg van navrae aangaande die inhoud van die notas het hy vir Mflori gaan spreek. Weens inligting wat laasgenoemde verskaf het, het Nkosi vir Mflori, Phungula, Agreement en Shadrack gearresteer.

Die getuienis van die oorledene se eggenote

dat die notas deur hom geskryf was, is nie by die verhoor betwis nie. Onverbeterd lees h vertaling daarvan soos volg:

"I informing you that I was killed by Dan who was working at Cobra as a driver. He resides at Spruit Khumalo. He was with other one who is unknown to me. I said I was murdered by Dan who had worked at Cobra."

En:

"I inform you that I was murdered by Dan who was working at Cobra last year as a driver. He resides at Spruit Khumalo. He said to me if he cannot killed me he will be known. So he want to destroy the whole information about myself. I informed you that I resides at 3352 Mokoena Street Thokoza Alberton. My phone no. 905 5936."

Dit was ook nie betwis nie dat die adres en telefoonnommer vermeld in die notas op die oorledene betrekking gehad het, en dat die verwysing na "Dan" h verwysing na Mflori was.

Mflori het getuig dat hy op 13 Junie heeldag tuis was. Dit is gestaaf deur sy vrou en sy vriend, Phillip. Hy moes egter klaarblyklik verduidelik i) hoe

dit gekom het dat hy die name van Phungula, Agreement en Shadrack aan Nkosi kon verstrek, en ii) hoe hy geweet het welke plekke om aan Erasmus uit te wys.

Wat (i) betref, was Mflori se verduideliking dat Agreement en Shadrack hom op 16 Junie besoek het; meegedeel het dat die vragmotor geskaak was, en gesê het dat Phungula ook daarby betrokke was. Vanweë hierdie mededelings was hy dus in 'n posisie om die betrokkenes se name aan Nkosi te verstrek. Betreffende (ii) het hy getuig van twee geleenthede waarop hy en Nkosi saam in 'n motor was. Op die eerste geleentheid was hulle vergesel van twee ander polisiemanne. Die bestuurder het by 'n plek gestop of stadiger gery en die polisiemanne het toe vir Nkosi gesê dat dit die plek was waar die vragmotor uitgebrand het. Op die tweede geleentheid het Nkosi bestuur en langs 'n mielieland gestop. Hy het toe gesê:

"... tomorrow we must come back to this place and search for cartridges at the place where the deceased was shot, because today it is

not possible to do that because there were still mealiestalks."

Vanweë wat op die twee geleenthede gesê is, beweer Mflori, was hy dus in staat om die plekke aan Erasmus uit te wys as synde die beweerde moord- en verbrandingstoneel. Hy sê ook dat hy nie teenoor Erasmus gemeld het dat "ons" of "hulle" die oorledene geskiet en die vragmotor aan die brand gestek het nie, maar slegs passief dat op die twee plekke die oorledene geskiet en die vragmotor verbrand was.

Wat die gehalte van die beskuldigdes se getuienis betref, was die verhoorhof van mening dat Mflori h beter indruk as die ander drie gemaak het. Die hof het dan ook bevind dat hulle leuens vertel het aangaande elk se aandeel in die komplot en uitvoering daarvan, spesifiek deurdat elk aan homself geen, of h relatief geringe, aandeel in die moord en roof toegeken het. Die hof het egter op die volgende gemeenskaplike delers gewys:

1) Volgens al drie was Mflori die persoon wat saam met Phungula op die snelweg opgelaa is.

2) Mflori was volgens hulle die persoon wat die inisiatief geneem en die leidende rol in die drama gespeel het.

Hierdie gemeenskaplike kenmerke van die drie se getuienis kry stukrag, aldus die verhoorhof, as gelet word op die feit dat Mflori en Phungula goed met mekaar bekend was, maar dat Agreement en Shadrack nie vir Phungula geken het nie. (In sy bekentenis na die gebeure verwys Agreement trouens nooit by name na Phungula nie, maar noem hy hom die "baardman".) Met volle inagneming van die moontlikheid dat mededaders of medepligtiges 'n onskuldige persoon kan betrek, was die hof daarom van mening dat dit vreemd sou wees indien al drie wat volgens eie erkenning in die vragmotor was vir Mflori sou wou betrek, indien hy, soos hy beweer het, geen aandeel in die komplot gehad het nie.

Mflori se advokaat het nie aan die hand gedoen dat die verhoorhof 'n mistasting begaan het nie. Inteendeel was die kern van sy betoog dat by die evaluering van die getuienis die hof die alibi-getuienis deur en ten gunste van Mflori nie genoeg benadruk het nie, en daarteenoor getuienis wat Mflori betrek het, oorbeklemtoon het. Dit volg dus dat hierdie hof kan inmeng slegs as ons oortuig is dat die verhoorhof, wat die getuies waargeneem het, 'n verkeerde slotsom bereik het.

Ek is nie van voorneme om elke punt van kritiek wat teen die benadering van die verhoorhof geopper is, te vermeld en te bespreek nie. Die rede is dat, selfs by 'n herevaluering van die getuienis, ek tevrede is dat Mflori tereg skuldig bevind is.

In eerste instansie is die getuienis van Phungula, Agreement en Shadrack onbevredigend slegs insoverre elk aan hom 'n ondergeskikte rol toegedig het. Hulle is dit egter eens dat Mflori een van die rylopers

was; dat hy en Phungula die oorledene tot stilstand gedwing het; dat Mflori die vragmotor terug na die Transvaal bestuur het, en dat Phungula en Mflori die oorledene kort voor sy dood uit die kompartement verwyder het. Bowendien erken Phungula dat hy die oorledene die kopskoot toegedien het, al sê hy ook dat hy in opdrag van Mflori opgetree het. Die drie mededaders (in die wydste sin van die woord) staaf mekaar dus oor en weer aangaande die feit dat Mflori in die vragmotor was en n leidende rol gespeel het. Ten opsigte van hierdie aspekte het nie een van hulle homself, of die ander twee, weerspreek nie.

In tweede instansie verleen die uitwysings wat Mflori gedoen het sterk staving aan die weergawes van die ander drie beskuldigdes wat hom impliseer. Dit is beslis vreemd dat toe Mflori en Nkosi met twee ander polisiemanne in n voertuig was, hulle toevallig verby die plek waar die vragmotor uitgebrand het, gery het. Dit is net so vreemd dat om geen klaarblyklike rede

Nkosi vir Mflori na die mielieland geneem het. Die opmerking wat Nkosi volgens Mflori gemaak het, nl dat hy en die ander polisiemanne die volgende dag sou moes terugkeer om na koeëldoppies te soek omdat daar toe stronke op die land was, kom ook onsinnig voor. Die volgende dag kon daar immers nog steeds stronke gewees het. Hoe dit ook al sy, Mflori is volgens sy weergawe nie weer na die bewuste plek geneem nie en dit bly duister waarom Nkosi hom wel op die beweerde geleentheid sou wou saamgeneem het.

Wat betref die woorde wat Mflori tydens die uitwysings gebruik het, is ek bereid om ten gunste van hom te veronderstel dat hy in die lydende vorm verwys het na plekke waar die oorledene doodgemaak is en die vragmotor uitgebrand het. Volgens Erasmus het Mflori egter ook gesê dat hy nie die spesifieke plek in die mielieland kon uitwys omdat die gebeure aldaar laatnag - tussen 12 nm en 1 vm - plaasgevind het. Hierdie brokkie getuienis is nooit betwis nie, en die enigste

redelike afleiding is dat Mflori uit eie kennis gepraat het. Hy sê immers dat toe Agreement en Shadrack op 16 Junie vir hom gesê het dat die vragmotor geskaak was, hulle gemeld het dat die bestuurder afgelaai was. Mflori kan dus nie op grond van die beweerde mededelings van Agreement en Shadrack geweet het hoe laat die oorledene gesterf het nie. Dit is waar dat Mflori nie oor bogenoemde aspek van Erasmus se getuienis gekruisvra is nie, en die begriplike moontlikheid dat hy uit 'n ander bron kon verneem het dat die oorledene in die nag gedood is, kan dus nie uitgesluit word nie. Maar indien dit wel gebeur het, sou hy, indien sy weergawe waar is, stellig aan Erasmus gesê het dat hy nie die presiese plek kon uitwys omdat hy nie teenwoordig was nie, en nie omdat die voorval in die nag plaasgevind het nie.

'n Verdere vingerwysing teen Mflori blyk uit die getuienis van Erasmus waarvolgens hy goed kruis en dwars moes ry om, soos voorgesê deur Mflori, by die

betrokke twee plekke uit te kom. Indien Mflori, soos hy beweer, voorheen bloot toevallig by die plekke beland het, is dit ook vreemd dat hy daarna sonder huiwering ingewikkelde roetes na die plekke vir Erasmus sou kon aandui.

In derde instansie is Mflori se weergawe van die besoek van Agreement en Shadrack op 16 Junie inherent onwaarskynlik. Onthou sal word dat volgens Mflori hy op hierdie geleentheid verneem het dat 'n vragmotor geskaak was, en dat dit die rede was waarom hy later die name van die ander drie beskuldigdes aan Nkosi kon verstrek. Volgens Mflori het Agreement en Shadrack hom besoek en hul aandeel aan 'n misdaad uitgelap omdat hulle hom voorheen gevra het om met die skaking van 'n vragmotor behulpsaam te wees. Nieteenstande sy weiering het die twee besoekers hom wel op die 16de in hul vertrouwe geneem - moontlik uit 'n gevoel van leedvermaak, aldus die betoog van Mflori se advokaat. Mflori getuig egter ook dat elk hom toe R200

gegee het, blykbaar uit die opbrengs van die vrag. Vir my is dit heel onwaarskynlik dat indien Mflori, soos hy sê, geweier het om Agreement en Shadrack in die voorgenome rooftog behulpsaam te wees, hulle hom later sou wou beloon het.

In vierde instansie is daar die notas wat in die oorledene se broeksak gevind is. Mflori se advokaat het tereg toegegee dat die oorledene die notas moes geskryf het terwyl hy in die kompartement toegesluit was en op 'n stadium - of stadia - toe hy geweet of minstens gevrees het dat hy om die lewe gebring sou word. In die notas wys die oorledene 'n ondubbelsinnige vinger na Mflori as die persoon, of altans een van die persone, wat hom sou doodmaak, en noem hy die rede waarom Mflori gesê het dat hy sulks sou doen; nl sodat Mflori se identiteit as een van die booswigte nie bekend sou kon word nie. Die enigste redelike afleiding uit die notas is dus dat Mflori een van die skakers was en hom op die vragmotor bevind het.

Welke gewig geheg kan word aan hoorsê getuienis wat ingevolge art 3 van Wet 45 van 1988 toegelaat is, moet uiteraard van geval tot geval bepaal word. Daar was egter geen denkbare motief nie waarom die oorledene die vinger sou wou wys na 'n onskuldige persoon eerder as die booswig wat volgens sy vrese hom sou dood. In die lig van al die getuienis bied die notas dus sterk staving vir die implisering van Mflori deur die ander drie beskuldigdes.

Ek kom dan by die getuienis van Mflori, sy vrou en Phillip dat Mflori op 13 Junie heeldag tuis was. As dit so is, kon hy natuurlik nie op die vragmotor gewees het nie. Ten aansien van hierdie geleentheid, asook die besoek op die 16de, was die drie persone sekerlik nie modelgetuies nie. Kritiek op hul weergawes is vervat in die uitspraak van die hof en hoef nie herhaal te word nie. Ek volstaan deur te sê dat al sou die getuienis ten aansien van die alibi, in isolasie beskou, sterk gestaan het, en selfs met volle

inagneming van die versigtigheidsreëls betreffende die getuienis van mededaders en medepligtiges, Mflori op so n oorweldigende wyse by die komplot betrek word dat bedoelde getuienis nie redelikerwyse moontlik waar kan wees nie.

Mflori se advokaat het ten slotte betoog, weliswaar met huiwering, dat daar nie aanvaarbare getuienis is nie dat hy fisies die oorledene se dood veroorsaak het, of n deelgenoot was aan n gemeenskaplike oogmerk om daardie gevolg teweeg te bring. Al wat gesê hoef te word, is dat daar hoegenaamd geen pit in die betoog steek nie.

Ek kom dan by Phungula se appèl teen die doodvonnis wat hom op die moordklag opgelê is. Die verhoorhof het bevind dat hy vrywilliglik aan n komplot om die vragmotor te kaap en om die oorledene te dood meegedoen het. Volgens eie erkenning was hy die persoon wat die oorledene geskiet het en sy verweer dat hy as't ware onder dwang van Mflori sulks gedoen het,

is verwerp.

Phungula het ter versagting getuig en dit het geblyk dat hy slegs tot standerd 1 op skool gevorder het. Die rede was dat sy vader gesterf het en dat hy op agtjarige ouderdom noodgedwonge n veewagter moes word. Hy het egter reeds op sewentienjarige ouderdom na Johannesburg verhuis en was reeds ongeveer 27 toe die misdrywe gepleeg is. Hy het dus vir n tydperk van nagenoeg 10 jaar in n stedelike omgewing geleef en gewerk.

Faktore wat die verhoorhof ter versagting oorweeg het, was dat Mflori n sterker karakter as Phungula het; dat laasgenoemde in n sekere sin vir sy brood van Mflori afhanklik was omdat Mflori by tye n keuse kon uitoefen wie hom, as diensnemer van Sparletta, as assistent behulpsaam sou wees; dat hy n moeilike jeug gehad het, en dat hy bra ongeletterd was omdat sy intelligensie-potensiaal nie ten volle ontwikkel het nie. By evaluering van hierdie faktore

het die verhoorhof die volgende gesê:

"(Ons) aanvaar dat die lewe vir hom baie moeilik was, finansieel asook om hom aanvanklik te handhaaf, maar hy het dit oorleef en hy is tans 29 jaar oud. Ons het oorweging geskenk aan die vraag of die onrypheid van die persoonlikheid, die onvolwassenheid van die mens self, die onderontwikkelde intelligensie, nie hier ook sodanige rol gespeel het dat ons kan sê dit verminder sy morele verwytbaarheid nie."

En:

"Ons gevolgtrekking is, dat u nie so onvolwasse en nie so totaal onintelligent is dat u n willose meeloper sou geword het in enige uitnodiging wat aan u gerig word nie. ... Ons het gekyk na u besondere rol en wat u gedoen het. Ons het tot die gevolgtrekking gekom vanoggend dat u nie gedwing was om die oorledene te skiet nie. U het willens en wetens deelgeneem aan daardie roof en daardie moord. U mate van onvolwassenheid, u lae intelligensie, het nie so n rol gespeel dat, as ons moet oordeel na u morele verwytbaarheid, ons versagting kan bevind nie."

Phungula se advokaat het tereg nie betoog dat die verhoorhof n mistasting begaan het nie. En indien in aanmerking geneem word dat Phungula vrywilliglik deelgeneem het - sy dit dan ook weens n mate van

oorreding van Mflori - aan n komplot wat uit suiwer
hebsug gebore was, en dat hy meegewerk het om die
oorledene te dood bloot sodat hy - soos hy gehoop het -
nie later aan die pen sou ry nie, is die bevinding van
die verhoorhof sekerlik nie een waarteen geen redelike
hof kon gekom het nie.

Die appèlle van beide appellante word
afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN AR

E.M. GROSSKOPF AR

STEM SAAM

EKSTEEN AR